# Bybelse begronding van die doop van die kinders van gelowiges

Deur die loop van die eeue het verskillende interpetasies oor die doop aanleiding gegee tot baie redenasies, argumente, en ongelukkig ook hartseer. Vandag is daar steeds 'n verskeidenheid van opvattings oor hoe die doop toegepas moet word. Aan die een kant is daar die vraagstuk van kinderdoop versus grootdoop (oftewel belydenisdoop), terwyl die wyse van doopbediening deur onderdompeling of besprinkeling ook steeds aktueel bly.

Selfs onder kinderdopers is daar verskillende sienings van wat die doop werklik beteken. Een siening is byvoorbeeld dat die doop outomaties redding waarborg, gevolglik word alle verbondskinders as gelowiges beskou.  Daar word dus veronderstel dat die kind wedergebore is.  Natuurlik is hierdie siening strydig met die Woord wat dit baie duidelik maak dat mens alleen deur die geloof in Jesus Christus gered word (o.a. Rom 3:21-24). Hierdie siening berokken die kinderdoop standpunt baie skade en ons stem hoegenaamd nie daarmee saam nie. Ons is oortuig die doop is 'n teken van God se belofte aan die kind dat as hy/sy in Jesus Christus glo, hy/sy verseker gered sal word. Ons sal hierdie siening hieronder in detail beredeneer.

'n Soortgelyke siening bestaan ook onder belydenisdopers. Hier word sterk vasgehou aan Petrus se uitspraak op Pinksterdag in Hand 2:38 toe die mense hom gevra wat hulle moet doen om gered te word: "Bekeer julle en laat elkeen van julle gedoop word in die Naam van Jesus Christus". Die redenasie van hierdie belydenisdopers is dat doop na bekering (oftewel na belydenis van geloof) 'n voorwaarde tot redding is. Sommiges gaan sover as om te redeneer dat al het jy jou bekeer, jy nie gered kan word tensy jy jou laat doop nie. Weereens vind ons dit in stryd met die Bybel wat op soveel plekke duidelik stel geloof in Christus is noodsaaklik en **voldoende** vir redding. Daar is egter ook belydenisdopers wat met ons saamstem dat die doop nie 'n voorwaarde vir redding is nie, maar redeneer dat alleen mense wat tot bekering gekom het, gedoop mag word.  Hulle laat hulle dan doop in gehoorsaamheid, aan bv. die opdrag in Hand 2:38.

Dit is belangrik om kennis te neem dat ons saamstem met die belydenisdoop standpunt dat 'n volwassene eers tot geloof moet kom (hom bekeer) voor hy/sy gedoop word. Waar ons van hulle verskil is dat ons oortuig is dat wanneer iemand tot bekering gekom het en 'n ouer is van minderjarige kinders wat in sy huis opgevoed word, die kinders ook gedoop mag word.

Ons aanvaar as belydenisskrifte o.a. die Heidelbergse Kategismus en Nederlandse Geloofsbelydenis. Volgens hierdie belydenisskrifte is die juiste doopbediening die volgende:

- Doop van volwassenes nadat hulle hulle geloof bely het (as hulle nie as kinders gedoop is nie)
- Doop van die kinders van gelowiges
- In beide gevalle word die doop deur besprinkeling bedien

Ons tyd en omgewing word egter gekenmerk deur baie gemeentes wat uitsluitlik die belydenisdoop toepas (gewoonlik deur onderdompeling). Dit is tipies van die charismatiese bewegings, maar kom ook voor in gemeentes met 'n sterk Gereformeerde grondslag. Van tyd tot tyd word van ons verwag om ons standpunt oor die doop te verdedig. Die doel met hierdie skrywe is juis om ons doopstandpunt te beredeneer.

Dit moet egter duidelik gestel word dat ons baie waardering het vir (sommige) argumente ten gunste van die bediening van die uitsluitlike belydenisdoop. Ons is bewus van diep, opregte gelowiges wat hierdie standpunt handhaaf op grond van hulle verstaan van die Skrif. Ons verwag ook om eendag die hiernamaals met hierdie gelowiges te deel. Na baie Skrifstudie, gebed en bepeinsing glo ons egter dat die bediening van die doop aan die kinders van gelowiges, deur besprinkeling, Bybels is.

Om die vraag oor die doop te kan hanteer, moet ons eers aandag gee aan die verbond. Ek het ‘n aparte dokument opgestel waarin die detail van verskillende verbonde in die Bybel in groter detail uiteengesit word, en waarin die eenheid en progressiewe aard van hierdie verbonde bespreek word. Natuurlik gaan dit in hierdie verbonde oor baie meer as die doop, maar dit is goed om hulle te verstaan as mens sinvol oor die doop wil besin. Hieronder volg slegs ‘n samevatting van enkele aspekte van sommige verbonde wat direk relevant is tot die doop.

**Verbond**

Ons lees in die Bybel van heelwat verbonde wat God met die mens gesluit het. So is daar onder andere:

- Verbond met Abraham (Gen 17:1-4)
- Sinaïverbond (Eks 24:1-8)
- Ou Verbond (Jer 31:31-34, Heb 8:9)
- Nuwe Verbond (Luk 22:20, 2 Kor 6:16-7:1, Gal 3:15, Heb 8:6-13, Heb 9:14-22, Jer 31:31-34)

As ons na die Abrahamverbond kyk, is die volgende aspekte baie duidelik:

- God neem die inisiatief, en nie die mens nie (Gen 17:1)
- God het hierdie verbond nie net met Abraham gesluit nie, maar ook met sy nageslag na hom in hulle geslagte (Gen 17:7)
- Dit is belangrik om raak te sien dat die verbond met Abraham ‘n ewige verbond is (Gen 17:7). In Gal 3:17 lees ons dat die wet wat 430 jaar later eers gekom het, nie die verbond opgehef het nie. Hierdie verbond staan dus vandag nog. In Op 21:3 word die nuwe Jerusalelm beskryf in tipiese terme van die Abrahamverbond: “Hy sal by hulle bly, hulle sal sy volke wees, en God sal self by hulle wees as hulle God”. Daar word dikwels gepraat van die sogenaamde diskontinuïteit tussen die Verbond in die Ou Testament en in die Nuwe Testament. Uit bogenoemde behoort dit duidelik te wees dat hierdie diskontinuiteit nie kan beteken dat die Abrahamverbond nie meer geldig is nie.
- Die besnydenis is die teken van inlywing in die Abrahamverbond. Die besnydenis is nie net aan Abraham bedien nie, maar ook aan sy manlike nasate, slawe, kinders van slawe wat in sy huis gebore word, sowel as slawe wat later gekoop is. Ons sou dus kon sê die besnydenis is bedien aan almal wat in Abraham se gesagsfeer inbeweeg het, oftewel almal wat in sy huis gewoon het. Aangesien Abraham onder God se gesag gestaan het, was almal onder sý gesag by implikasie ook onder God se gesag. (Rom 4:11 definieer die besnydenis, later meer daaroor.)
- Die verbond het sekere verantwoordelikhede tot gevolg gehad: God het onderneem om aan Abraham ‘n nageslag te gee, vir hom ‘n land te gee en Hy het onderneem om vir hom “‘n God” te wees (Gen 17:4-8). Daarteenoor moet Abraham en sy nageslag “die verbond nakom” (Gen 17:9), oftewel hulle moet vir God “‘n volk wees”. Sien ook Jes 56:3-7

As die Abrahamverbond dan ‘n ewige verbond is, en dus vandag nog geldig is, moet ons vra wie vandag tot hierdie verbond behoort. Hieroor is Gal 3:7-9 en 4:28 baie duidelik: Die ware nageslag van Abraham is “die wat glo”.

Kom ons kyk vervolgens na die Sinaïverbond. Hiervan lees ons in Eks 24:1-8. Uit verse 3 en 4 is dit duidelik dat die inhoud van hierdie verbond die gebooie en bepalings van die Here was wat aan die volk gegee is. Dit is by die berg Sinaï aan die volk gegee, 430 jaar na die sluiting van die verbond met Abraham (Gal 3:17). Hierdie gebooie en bepalings sluit in die morele wet (m.a.w. hoe God wil hê hulle moet lewe – tipies is dit die tien gebooie), die seremoniële wette (m.a.w. hoe God wil hê dat hulle offerdiens en tempeldiens moet lyk) en landswette (m.a.w. hoe die leiers die volk moes regeer). Soos reeds hierbo aangedui, het hierdie verbond egter nie die Abrahamverbond opgehef nie, trouens al wat dit gedoen het is om aan die volk te verduidelik wat dit beteken om “God se volk” te wees, en dus hoe om hulle verantwoordelikheid in die Abrahamverbond na te kom. Dit is dus aanvullend tot die Abrahamverbond. Alhoewel die tien gebooi ‘n belangrike rol in die Sinaïverbond speel, is die twee nie identies nie. God het die tien gebooie afgekondig voor die sluiting van die verbond. Wanneer daar dus later gesê word dat die Sinaïverbond oud geword het en vervang is, beteken dit nie dat die tien gebooie nie meer geldig is nie.

Jer 31:31-34 is nou baie insiggewend: Hier onderneem God om met Israel en Juda ‘n nuwe verbond te sluit wat anders sal wees as die verbond wat Hy met hulle gesluit het toe hulle uit Egipte getrek het, m.a.w. aspekte van die Nuwe Verbond sal verskille teweeg bring in van die wette wat met die sluit van die Sinaïverbond gegee is. Hierdie nuwe verbond word egter beskryf deur die woorde “Ek sal hulle God wees en hulle sal my volk wees” – wat niks anders is as die inhoud van die Abrahamverbond nie.

Die Sinaïverbond word dus as die Ou Verbond getipeer, en dit sluit in al die bepalings wat die Here gegee het om die volk te lei in hulle diens aan Hom, insluitend die bepalings vir al die offers wat gebring moes word. Die Abrahamverbond duur steeds voort in die Nuwe Testament, nou onder die vaandel van die Nuwe Verbond. In die Ou Testament word die uitleef van die Abrahamverbond gerig deur die wette / bepalings van die Sinaïverbond / Ou Verbond, op kliptafels, terwyl die Nuwe Verbond (inhoudelik dieselfde as die Abraham-verbond) in die Nuwe Testament uitgeleef word deur die feit dat God se wet nou op die harte van gelowiges geskryf is. Dit gaan met ‘n sekere mate van vryheid gepaard, omdat die gelowiges nie nou meer nodig het om al die seremoniële wette, wat tipies was van die Sinaïverbond, na te kom nie – Christus het immers gekom en die noodsaak van hierdie offers om vooruit te wys na Hom het nou verval. Heb 8 bevestig hierdie verklaring. Hier word duidelik uitgewys dat die Ou Verbond, weer duidelik as die Sinaïverbond aangewys, sy beperkinge gehad het – immers kon die offers wat ter onderhouding van hierdie wette gebring is nie werklik versoening vir die sondes van die volk bewerk het nie. Daarom dat in vers 13 geskryf word dat hierdie verbond oud en uitgedien geraak het.

Skematies sou ons dit so kon voorstel:

| | **Ou Verbond** | **Nuwe Verbond** |
|---|---|---|
| Inhoud | Abrahamverbond met die vlge beloftes:<br>• ‘Ek sal vir jou ‘n God wees, en jy moet vir my ‘n volk wees’<br>• Ek sal Abraham die vader van baie nasies maak<br>• Ek sal vir jou die beloofde land gee | Abrahamverbond met die vlge beloftes:<br>• ‘Ek sal vir jou ‘n God wees, en jy moet vir my ‘n volk wees’<br>• Ek sal Abraham die vader van baie nasies maak<br>• Ek sal vir jou die beloofde land gee (ewige lewe) |

| | | |
|---|---|---|
| Bepalings | Wette van die Sinaïverbond (morele wet, seremoniële wette, landswette) | Wette is in die verstand van die gelowiges gegee, en op hulle harte geskryf. Die seremoniële wette het verval, maar die morele wet bly geldig |

Die Nuwe Verbond tree in werking rondom Jesus se kruisiging, gesimboliseer deur die skeur van die voorhangsel. Met die instelling van die nagmaal verwys Jesus dan ook juis na die beker na die maaltyd as "die beker van die nuwe verbond". Die Nuwe Verbond gaan dus gepaard met 'n oorgang van die pasga na die nagmaal. Soortgelyk kan ons dus verwag om 'n verandering in die teken van inlywing in die verbond te sien deurdat die besnydenis oorgaan in die doop. Hieronder volg meer oor hierdie oorgang.

'n Verdere aspek van die Abrahamverbond in die Ou Testament wat belangrik is om raak te sien is die volgende: Al die manlike lede van Abraham se nageslag is besny – selfs ook Ismael (Gen 17:23). Sover ons kan oordeel het Ismael egter verlore gegaan. Deur die loop van die eeue was daar sekerlik baie voorbeelde van Israeliete wat besny is, en tog verlore gegaan het. Dink hier maar aan mense soos Saul en ander goddelose konings van Juda en Israel. Rom 9:6-13 bevestig dat nie almal wat (fisiese) nakomelinge van Abraham is, werklik kinders van Abraham is nie. Die voorbeeld word genoem van Jakob en Esau. Alhoewel hulle saam in die moederskoot was en waarskynlik op dieselfde dag besny is, sê Paulus baie duidelik dat God vir Jakob liefgehad het, en vir Esau gehaat het. M.a.w. dit was nooit in die Ou Testament so dat die ontvang van die fisiese besnydenis noodwendig ewige saligheid beteken het nie. Baie besnedenes het vir ewig verlore gegaan. Aan die ander kant is daar voorbeelde van nie-Israeliete wat deel geword het van die Godsvolk (en dus effektief van Abraham se nageslag). Dink hier aan voorbeelde soos Ragab of slawe wat gekoop is. Hulle het die verbondsteken ontvang wanneer hulle deel geword het van die volk en onderhewig geword het aan die bepalings van die Sinaïverbond. Die lyne waarvolgens God uitverkies het, loop dus nie altyd langs dieselfde lyne as waarvolgens die teken van die verbond bedien word nie.

In Romeine 4:11 word die besnydenis die teken en seël van die geregtigheid wat deur die geloof kom, genoem. Dit is dus beslis nie bloot 'n teken dat iemand 'n lid van die Joodse volk is nie. Netso dien die doop nou as teken en seël dat elkeen wat glo, gered sal word. Romeine 2:28, 29 waarsku egter uitdruklik dat die uiterlike teken nie redding waarborg indien die inwendige hartsverandering nie plaasgevind het nie. Dit is net so geldig vir die doop as vir die besnydenis. Dis ook belangrik om daarop te let dat die doop 'n teken is van die rots van God se belofte, nie van die sand van die mens se geloof nie.

Verder is dit ook belangrik om raak te sien dat Abraham besny is nadat hy tot geloof gekom het, terwyl Isak en kinders van ouers wat deel was van die nageslag van Abraham besny is voordat hulle tot geloof gekom het.

Dit sou net logies wees dat dit in die Nuwe Testament op 'n soorgelyke manier sou werk, behalwe natuurlik as die Nuwe Testament duidelik iewers sou verduidelik dat nuwe beginsels nou geld (wat ons nie dink die geval is nie, soos ons ook hieronder sal aantoon). In Nuwe Testamentiese taal lyk dit dus dat iemand die doop mag ontvang wanneer hy gebore word uit gelowiges ouers (i.e. ouers wat deel is van die werklike nageslag van Abraham) of wanneer hy onder die eise van die Nuwe Verbond kom, m.a.w. wanneer die bepalings van die Here op sy hart geskrywe word – i.e. wanneer hy tot bekering kom.

**Besnydenis en Doop**

Die vraag is of die Bybel leer dat die doop in die plek van die besnydenis gekom het.

Die Bybel verwys op meer as een manier na die besnydenis. In die eerste plek is daar die fisiese besnydenis wat bedien is aan die manlike nasate van Abraham (bv Gen 17:19-14). Maar daar is ook talle voorbeelde waar die Bybel die term besnydenis gebruik om harts-verandering aan te dui, sogenaamde besnydenis van die hart. Voorbeelde hiervan is: Deut 30:6, Lev 26:41, Jer 4:4, Jer 9:25-26, Jer 6:10, Eseg 44:7-9, Hand 7:51, Rom 2:28-29.

Vervolgens kyk ons na die term "doop" in die Bybel. Met die eerste oogopslag lyk dit uit Rom 6:3-4 asof die doop op die begrafnis van Jesus wys, en dat ons deur die ontvang van die waterdoop deel kry aan Sy sterwe. Die vraag is egter of hierdie gedeelte hoegenaamd oor die waterdoop handel. Indien wel sou Gal 3:27 dan ook moet impliseer dat ons deur die doop met Christus verenig word. As dit die geval sou wees, sou dit impliseer dat doop saligmakende krag het, wat definitief nie strook met die belydenis dat dit alleen maar 'n teken is nie, en dat ons slegs deur die geloof in Christus ingelyf word. In Lukas 12:50 beskryf Christus sy komende lyding deur die term "doop" en Heb 8 verwys na reinigingsgebruike as dope. Dit blyk dus dat doop verskillende betekenisse kan hê.

Dit is egter duidelik uit die res van die Bybel dat 'n mens nie salig word deur die doop nie, maar deur jou tot God te bekeer, oftewel deur 'n hartsverandering (i.e. wedergeboorte) te ondergaan. As ons nou sou aanvaar dat dit ook die betekenis is van die woord "doop" in Rom 6:3-4 en Gal 3:27, sou hierdie gedeeltes nie net alleen in lyn wees met die res van die Skrif nie, maar dan sien ons 'n duidelike ooreenkoms tussen die gebruik van die begrippe "besnydenis" en "doop" in die Bybel: Beide kan op die fisiese daad wys, of op wedergeboorte.

In een sin was die fisiese besnydenis die teken dat iemand aan die volk Israel behoort het, wat in die Ou Testament die sigbare verbondsvolk van God was. Dit was egter die besnydenis van die hart (oftewel wedergeboorte) wat iemand deel laat word het van die ware verbondsvolk (oftewel ware nageslag van Abraham). In die Nuwe Testament werk dit op soortgelyke wyse: Die fisiese waterdoop dien as teken dat iemand deel is van die sigbare kerk, terwyl die geestesdoop (oftewel wedergeboorte) so 'n person deel maak van die ware kerk (oftewel ware nageslag van Abraham). Ons moet onderskei tussen die belofte aan die een kant en die waar word van die belofte aan die ander kant.

Titus 3:5 bevestig hierdie interpretasie. Volgens die OAV word ons gered "deur die bad van die wedergeboorte en die vernuwing van die Heilige Gees". Die NAV het dit geïnterpreteer as sou dit beteken dat ons sondes afgewas word deur die bad van die wedergeboorte. Dit is tog duidelik dat dit deur die wedergeboorte is wat ons gered word (wedergeboorte gaan altyd oor in geloof), en dat hier nie sprake is van die fisiese waterdoop nie.

Die vraag is nou of dit geregverdig is om aan te neem dat die doop in die plek van die besnydenis gekom het. Kol 2:11-12 is hier insiggewend:

In vers 11 sê Paulus dat die Kolossense se sondige natuur weggeneem is. Hoe het dit gebeur? Deurdat hulle besny is: nie die fisiese besnydenis nie – dit sê hy tog baie duidelik in die vers. Maar wel deur die besnydenis van die hart, oftewel soos ons hierbo gesien het, deur die wedergeboorte.

In vers 12 sê Paulus die wegneem van hulle sondige natuur het tydens hulle doop, waardeur hulle saam met Christus begrawe is, gebeur. Soos in Rom 6 word hier nie van die fisiese doop gepraat nie, maar wel van die wedergeboorte.

Wat beteken dit nou? Ons argument is as volg:

- "Doop" en "besnydenis" kan beide na die fisiese daad of na wedergeboorte verwys

- In Kol 2:11-12 word beide die terme “doop” en “besnydenis” gebruik om na die wedergeboorte te verwys en dan ekwivalent aan mekaar gestel.
- Daarom sou ons verwag dat die twee fisiese handelinge van doop en besnydenis ook ekwivalent aan mekaar is; beide ís nie die wedergeboorte nie, maar dien as ‘n teken daarvan. Hulle is net in verskillende eras gebruik: besnydenis wys in die Ou Testament vooruit na Christus, terwyl die doop in die Nuwe Testament terugkyk na Christus.

Die doop het dus in die plek van die besnydenis gekom.

**Die kinderdoop**

Die vraag is nou of dit toelaatbaar is om kinders te doop. Dikwels word die argument aangevoer dat daar nêrens in die Nuwe Testament duidelike bewyse is dat die doop aan kinders bedien is nie. Hierdie argument het egter nie veel waarde nie, want mens sou kon redeneer dat die Nuwe Testament ook nêrens aandui dat kinders nie gedoop mag word nie. In elk geval is dit baie duidelik dat die besnydenis in die Ou Testament wel aan kinders bedien is, en as die doop in die plek van die besnydenis gekom het, sou ‘n mens verwag dat dieselfde beginsel in die Nuwe Testament geld, of dat dit pertinent aangewys sou word dat die gebruik gestaak moet word. So ‘n dramatiese verandering sou sekerlik baie verduideliking vereis het.

Ons wil beweer dat die Nuwe Testament wel duidelike aanduidings gee dat kinders gedoop mag word.

Kom ons kyk na Hand 2:38-39. Vers 38 sê dat as iemand hom bekeer en gedoop is, gee dit aanleiding tot vergifnis van sy sonde en ook tot die ontvang van die Heilige Gees as gawe. Dit is sekerlik waar dat as iemand hom waarlik bekeer hy voorwaar seker kan wees dat sy sondes vergewe is, en dat hy ook die Heilige Gees sal ontvang – trouens hy sal hom nie kan bekeer as die Heilige Gees nie alreeds in hom werk nie. Die vraag kan nou met reg gevra word: Kan so ‘n persoon seker wees omdat hy bekeerd is, of omdat hy gedoop is, of albei? Daar is egter verskeie voorbeelde in die Bybel van persone wat (waarskynlik) gedoop is en tog verlore gegaan het. Kyk maar na Simon die towenaar in Hand 8:9-24. Alhoewel hy gedoop is, wys Petrus hom op ‘n stadium ernstig tereg met die woorde: “Gaan na die verderf met jou geld en a!”. Ons weet nie of hy hom later bekeer het nie, maar die feit is duidelik dat as dit nie die geval was nie, sy doop hom niks sou gebaat het om die ewige lewe te verkry nie. Bekering is egter ‘n voorvereiste. Ander voorbeeld is Himeneus en Aleksander (1 Tim 1:20) en Demas (2 Tim 4:10) wat lede van die gemeente was, en dus waarskynlik gedoop was, maar tog verlore gegaan het.

Het die doop dan geen waarde nie? In terme van die verdienste van ewige saligheid het die doop inderdaad geen waarde nie, maar dit is wel waardevol omrede dit ‘n sigbare genademiddel is wat die Here gee om te herinner aan Sy beloftes: Hy sal vir ons ‘n God wees, die beloofde land (ewige lewe) gee, en ‘n groot nageslag vir Abraham (uit alle volke, tale, stamme en nasies) vir dié wat wedergebore is, oftewel die wat tot geloof gekom het. Deur hierdie genademiddel word hulle geloof versterk dat hierdie beloftes werklik sal realiseer. M.a.w. vers 38 leer dat iemand wat wedergebore is, seker kan wees van sondevergiffenis en die werk van die Heilige Gees. Die doop is ‘n uiterlike teken wat hom/haar herinner aan hierdie heerlike waarheid. Daarom stem ons saam met die belydenisdopers dat bekering doop vooraf moet gaan indien iemand nie as kind gedoop is nie. Die doop is egter nie deel van die redding van die bekeerling nie, maar word uit gehoorsaamheid gedoen om persoonlik versterk te word deur die teken dat, soos hy/sy die

doop ontvang, so seker kan hy/sy wees van die sondevergifnis en werk van die Heilige Gees wat God belowe vir elkeen wat glo.

Dus kan hierdie vers nie gebruik word om te onderskei of Petrus 'n kinderdoper of belydenisdoper was nie. Maar ons is oortuig vers 39 doen dit wel:

In vers 38 het Petrus pas vir hulle vertel van die belofte van sondevergifnis en die Heilige Gees wat wag op die wat hulle bekeer (en hulle laat doop). Nou gaan hy verder en sê dat hierdie belofte geldig is vir 3 groepe mense:

- julle (m.a.w. sy toehoorders wat hulle moet bekeer en laat doop)
- hulle kinders, en
- almal wat daar ver is, die wat die Here na Hom sal roep

Wat die eerste groep betref is dit Petrus se hoorders. Dit is mense waarmee die Here juis besig is om te werk. Vers 37 sê hulle was diep getref en het gevra 'Wat moet ons doen, broers?'. Die Here hét hulle geroep, dus as hulle hulle bekeer, mag hulle gedoop word. Dit stem ooreen met die praktyk in die Ou Testament waar iemand, as hy deel van die volk geword het, besny is. Ons stem dus saam met die belydenisdopers wat hierdie groep aanbetref.

Die tweede groep is die kinders van die mense wat hulle bekeer het, m.a.w. die **belofte** van sondevergifnis en die Heilige Gees geld ook vir die kinders van die mense wat hulle bekeer (oftewel gelowiges). In die praktyk is dit so dat wanneer ouers tot geloof kom, hulle natuurlik ook die begeerte sal hê dat hulle kinders ook tot bekering moet kom, en daarom leer hulle hulle kinders om volgens die eise van die verbond te lewe. Wat Petrus hier leer is dat ons die vrymoedigheid mag neem om ons kinders te leer van die belofte van sondevergifnis en die Heilige Gees as gawe as hulle hulle bekeer. As die belofte dan vir hulle geld, hoekom mag die teken van die belofte, nl. die doop, dan nie ook aan hulle bedien word nie? Veral gesien in die lig van die feit dat dit 'n baie duidelike praktyk in die Ou Testament was om die besnydenis aan die kinders van die Israeliete te bedien. In die geval van kinders wat gedoop word, dui die doop dan daarop dat dit noodsaaklik is dat hulle hulle moet bekeer alvorens die beloftes van die verbond vir hulle waar sal word – presies soos wat dit in die Ou Testament gegeld het.

Dit is die verantwoordelikheid van ouers om hulle kinders te begelei op die pad na bekering en geloof, sodat hierdie beloftes ook in die lewens van hulle kinders mag realiseer. Daarom is dit gebruik dat ouers tydens die doop van hulle kinders 'n gelofte aflê om juis dit te doen. Dit is op hierdie punt wat ons verskil van belydenisdopers. Hulle redeneer die kind moet hom eers bekeer voor hy gedoop mag word. Dit impliseer 'n ernstige afwyking van 'n baie pertinente gebruik in die Ou Testament wat nêrens in die Nuwe Testament opgehef is nie. Dit is belangrik om te verstaan dat die belofte van sondevergifnis en die Heilige Gees as gawe vir iemand wat hom bekeer bly staan vir 'n kind wat gereeld hiermee gekonfronteer word tydens sy grootword in sy ouerhuis – ongeag of die kind hom bekeer of nie. Daarom is dit so belangrik om te verstaan dat die doop nie saligmakende effek het nie. Die belofte is nie: 'Omdat jy gedoop is, sal jy jou bekeer en dus sondevergiffenis en die Heilige Gees as gawe ontvang' nie. Die belofte bly 'Bekeer jou en jy sal sondevergiffenis en die Heilige Gees as gawe ontvang'. **Netsoos by die eerste groep bly bekering die voorwaarde vir die waar word van die belofte**. Die doop word aan die kind gegee as versekering dat hierdie belofte ook 'n persoonlike verbintenis is van die getroue Verbondsgod wat sal realiseer as en wanneer hy tot bekering kom.

Die derde groep vir wie die belofte geld is “almal wat daar ver is”. As dit al was wat daar gestaan het, sou dit impliseer dat alle mense maar gedoop mag word. Maar daar is ‘n kwalifikasie, naamlik dié wat die Here na Hom sal roep. As ons nou verder in gedagte hou dat as die Here werklik roep, niemand die roeping kan weerstaan nie, word dit duidelik dat die belofte vir sulke persone geldig is wanneer hulle geroep word, oftewel tot bekering kom. Dan mag hulle ook gedoop word.

Daar is ook al beweer deur belydenisdopers dat die kwalifikasie “die wat die Here na Hom sal roep” ook op die kinders van toepassing is. Dit sou beteken dat hulle eers die teken van die belofte kan ontvang wanneer hulle effektief geroep is en dus tot bekering kom. Taalkundig is daar egter net een van twee moontlikhede: óf hierdie kwalifikasie is slegs van toepassing op die derde groep (die wat daar ver is), óf dit is van toepassing op aldrie groepe. Laasgenoemde is egter onsinnig, siende dat die mense wat daar was (m.a.w. die eerste groep) alreeds deur die Here geroep is. Dit is tog immers altyd dié wat ver is wat geroep moet word. Die kwalifikasie geld dus net vir die derde groep.

Verder vind ons ook talle verwysings na die sogenaamde huisdope – waar hele huisgesinne gesamentlik gedoop is:

- Hand 10:44-48 Cornelius en sy gesin
- Hand 16:14-15 Lidia en haar gesin
- Hand 16:33 Tronkbewaarder en sy huishouding
- Hand 18:8 Crispus en sy gesin
- 1 Kor 1:16 Stefanas en sy gesin

Hier moet ons toegee dat hierdie argument nie heeltemal waterdig is nie: Alhoewel dit baie onwaarskynlik is dat daar in geen van hierdie huisgesinne (wat slawe ingesluit het) kinders was nie, word dit nêrens pertinent genoem dat dit die geval was nie. Gesien in die lig van die praktyk rondom die besnydenis, glo ons egter dit is redelik om te aanvaar dat, ás daar kinders in hierdie huisgesinne was, hulle ook gedoop sou gewees het. Ons verwys spesifiek na Hand 16:33 waar daar letterlik staan dat **hy** (die tronkbewaarder) geglo het, dat **hulle** (sy huishouding) gedoop is en dat **hulle** hulle verheug het dat **hy** tot geloof gekom het. Dis duidelik dat **hy** geglo het en **hulle** gedoop is.

As die doop nie ‘n kind se redding waarborg nie, maar slegs God se teken is dat die wat glo, gered sal word, hoe verskil ons kinders dan van die van ongelowiges? Waarom doop ons hulle? Watter voordeel hou die verbond in? Word kinders van gelowige ouers eerder gered as ander kinders? Wie gered word, lê natuurlik volkome in God se welbehae, en Hy red definitief ook mense van buite die verbondsgemeenskap, maar God werk as ‘n reël middelik, dws, hy gebruik middele om sy doel te bereik. In Gen. 18:19 beskryf die Here die doel van die verbond: Hy sê dat Hy Abrahm gekies het, **sodat** hy sy kinders sal leer om die Here te dien, **sodat** Hy sy beloftes aan Abraham kan waarmaak. Hy wil dus die proses van opvoeding van kinders gebruik om vir Hom ‘n volk bymekaar te maak.

Die besondere posisie van kinders binne die verbond is onlosmaaklik gekoppel aan die feit dat hulle onder die gesag van hulle ouers staan en opgevoed word in die vrese van die Here. Abraham glo die Here, dit word hom tot geregtigheid gereken en hy word besny. Hy omhels God as sy God en Koning, hy wil deel van God se volk wees, maw onder God se gesag leef. En almal wat onder hom, as hoof van die huisgesin, se gesag staan, is dan per implikasie onder God se gesag, dus ontvang hulle die verbondsteken. God se naam word oor hulle uitgeroep, hulle is sy eiendomsvolk. Tydens die doop in die Naam van die Vader, die Seun en die Heilige Gees word God se Naam oor die dopeling uitgeroep. Die gelowige ouers onderwerp hulle bewustelik aan die gesag van God en hulle kinders, wat onder hulle

gesag staan, skuif so ook onder God se gesag in. Dit veronderstel voldoening aan die vyfde gebod, dat ouers kinders leer om hulle as ouers te gehoorsaam, en dan per implikasie God te gehoorsaam. Ouers leer hulle kinders om die Here te dien, soos wat Deut 6:6,7 en Ef. 6:1-4 voorskryf. Hieruit sien ons hoe belangrik dit is dat dit net kinders van gelowiges gedoop moet word. Dit moet ouers wees wat self onder God se gesag staan, wat hulle kinders leer om God se gesag te erken deurdat hulle van kleins af onder hulle ouers se gesag staan. Net gelowige ouers kan, met die hulp van die Heilige Gees, biddend hulle kinders in die vrees van die Here opvoed.

1 Kor. 7:14 sê dat die kinders van ‘n gelowige ouer ‘geheilig’ is. Kan dit beteken dat so ‘n kind noodwendig gered is, op grond van die geloof van die ouer, ongeag of hyself reeds tot geloof gekom het? Net daarvoor sê Paulus dat die ongelowige eggenoot ook ‘geheilig’ is twv die gelowige met wie hy/sy getroud is. Sekerlik kan dit nie beteken dat die ongelowige eggenoot gered word op grond van sy verbintenis met die gelowige een nie. Dus kan dieselfde term, ‘geheilig’ ook nie beteken dat die kind as gered gereken kan word op grond van die geloof van sy ouer nie. Die basiese betekenis van die term ‘geheilig’ is egter ‘afgesonder’. Die ongelowige volwassene en die kind is dus afgesonder vir besondere genade deur hulle verbintenis met die gelowige ouer. Hulle leef in die invloedsfeer van ‘n gelowige, word gekonfronteer met die Woord, God se oproep tot bekering en geloof.

Paulus vra in Rom. 3:1,2 of dit dan enige voordeel inhou om ‘n Jood te wees, aangesien hy pas verduidelik het dat ‘n Jood nie gered is omdat hy uiterlik besny is tensy hy ook innerlik deur die HG vernuwe is nie. Hy sê dan dat daar inderdaad groot voordeel in is, ten eerste dat die woorde van God aan hulle toevertrou is. In Rom 9:4 brei hy verder uit op hulle voorregte. Netso is die verbondskind, alhoewel sy doop nie outomaties sy redding waarborg nie, uitermate bevoorreg om deur die Here afgesonder te wees vir besondere genade. Die kind wat deur gelowige ouers grootgemaak word, beleef wonderlike voorregte deur die Woord te hoor, dit in sy ouers en ander gemeentelede se lewens uitgeleef te sien en mense te hê wat vir hom bid. Hy word groot in ‘n huis waar die bestaan van God en die gesag van Sy Woord as vanselfsprekend aanvaar word. Hy word gereeld herhinner aan God se beloftes en opgeroep om dit te glo. Sy verantwoordelikheid is dan natuurlik ook soveel groter, dus moet hy ook gewaarsku word oor die oordeel van God oor die wat nie glo nie.

Die gelowige ouer, terwyl hy waak om nie in dieselfde verbondsoutomatisme as die OT Jode te verval nie, kan sy kind opvoed in die heerlike verwagting dat die Heilige Gees in sy kind wíl werk. Hy kan biddend by die Here pleit om sy beloftes waar te maak in sy kind se lewe terwyl hy deur die krag van die Heilige Gees wat in hom werk, volhard om sy kind op te voed in die vrese van die Here. En hy kan verwag dat die Here se seën op sy eie instelling sal rus, dat die Here se beloftes ook vir Sy kinders se kinders waar is: dat elkeen wat dit glo, gered sál word!

**Besprinkeling versus onderdompeling**

Die manier waarop gedoop word is ook ‘n onderwerp waaroor daar meningsverskil bestaan. Beide besprinkeling en onderdompeling kom algemeen voor. Ons is oortuig dat besprinkeling die juiste Bybelse metode is, en die redes daarvoor word hieronder uiteengesit:

In Heb 9:10-23 word verwys na die feit dat Christus se bloed vergiet is om versoening te doen vir ons sondes. Hier word pertinent aangedui dat dit sy bloed is wat die versoening bewerkstellig, en nie die bloed van bokke en kalwers soos wat in die Ou Testament geoffer is nie. Dit is egter duidelik dat hierdie bloedvergieting in die OT vooruit gewys het na Christus se bloed wat moes vloei. In hierdie gedeelte word egter herhaaldelik verwys na die

manier waarop die bloed van die offerdiere gebruik is: die bloed is op die onreines gesprinkel om hulle uiterlik rein te maak (vs 13), die wetboek en die hele volk is besprinkel (vs 19) en die verbondstent en al die voorwerpe vir die erediens is besprinkel (vs 21). Daar is nooit sprake van onderompeling nie. Hierdie reinigingshandelinge deur besprinkeling moes vooruit wys na die reiniging wat deur Christus se bloed bewerkstellig sou word. Die doop wys ook juis na hierdie reiniging deur Sy bloed, en dit volg dus dat besprinkeling die juiste manier is om die doop te bedien.

Voeg hierby dat ons in Joh 3:22-34 lees van Johannes die Doper wat besig was om te doop by Enon. 'n Woordewisseling ontstaan oor die reinigingsgebruike, 'n duidelike bevestiging dat die doop juis op die reiniging van sondaars deur Christus se bloed dui. Nou word daar dikwels beweer dat Johannes by Enon deur onderdompeling gedoop het, aangesien daar staan dat daar 'baie water' was (vs 23). (Vantevore het hy by die Jordaanrivier gedoop.) Daar word egter 'n verkleinwoord gebruik, iets soos 'daar was baie watertjies, stroompies. Daar is dan ook aanduidings dat daar in hierdie omgewing wel baie fonteine was, maar dat hierdie fonteine tipies syferwater opgelewer het, wat doopbediening deur onderdompeling moeilik, en selfs onmoontlik, sou maak. Mens wonder ook hoe dit moontlik sou wees om in Jerusalem 3000 mense op een keer deur onderdompeling te doop.

In Mat 3:13-17 lees ons hoe Johannes vir Jesus gedoop het. As Johannes teëstribbel om Jesus te doop, dring Jesus by hom aan om dit te doen, want op hierdie manier moet aan die wil van die Vader voldoen word. Hoekom sê Jesus dit? Uit Hebreërs is dit baie duidelik dat Jesus die groot Hoëpriester was (Heb 3:1, 4:14, 5:5 en 9:11). Vir 'n priester om oorweeg te word as Hoëpriester moes hy aan ten minste 3 vereistes voldoen:

- hy moes ten minste 30 jaar oud wees (Num 4:3,47),
- hy moes deur God geroep wees (Eks 28:1), en
- hy moes met reinigingswater besprinkel word (Num 8:6-7).

Hoe het Jesus aan hierdie vereistes voldoen? Kyk na die volgende:

- 'n Priester moes ten minste 30 jaar oud wees: Uit Luk 3:23 is dit duidelik dat Jeus aan hierdie vereiste voldoen het toe Hy met Sy openbare optrede begin het
- 'n Priester moes ook deur God geroep wees: Uit Heb 5:4-10 is dit baie duidelik dat Jesus deur God verklaar is tot Hoëpriester volgens die orde van Melgisedek
- Die priester moes met reinigingswater besprinkel word: Juis dit is die rede waarom Jesus by Johannes die Doper aangedring het om Hom te doop. Dit volg logies dat hierdie doop deur besprinkeling bedien is, soos in die Ou Testament die geval was

In Mat 21:23-27 bevraagteken die priesterhoofde en familiehoofde die gesag waarmee Jesus die dinge doen waarmee Hy besig was, veral die tempelreiniging wat 'n priestelike taak was. Hy verwys hulle dan juis na die doop van Johannes en vra waar hierdie doop vandaan kom. Daarmee wil Jesus onderstreep dat sy gesag bevestig is deur die doop van Johannes waardeur Hy dan ook voldoen het aan die vereistes om die volmaakte Hoëpriester te wees.

Uit bogenoemde glo ons dat die bediening van die doop deur besprinkeling Bybels gefundeerd is.